

Ds. A. W. C. Bester  
Vredendal Wes  
8 Februarie 1981  
Konferensie vir Jeugleiers

Onderwerp: Die ware Vryheid

Lees: Génesis 13 verse 1 tot 16  
Génesis 19 verse 1 tot 9, 12 tot 17, 23  
tot 29.

Teks: Génesis 13 vers 11

Sing: Gesang 10 verse 1 en 3  
Gesang 207 verse 2 en 4

“Toe Abraham sy roeping aanvaar het, het hy sy neef Lot met hom saamgeneem.

“Vir Lot moes dit seker wonderlik gewees het om só in die skaduwee van die grote Abraham te kon verkeer. Dit was nie net vir hom geestelik verrykend nie, maar ook ekonomies. Maar rykdom bring gewoonlik ook sy probleme, soos ook hier. Die skaapwagters van Abraham en Lot het begin bots en Abraham het besef dat daar iets aan die saak gedoen sal moet word.

“Abraham besluit toe dat hy en Lot dan maar liever moet skei. Die wonderlike Abraham gee toe aan Lot die reg om die eerste keuse te maak en die grense te trek.

“In plaas daarvan om dit alles aan Abraham oor te laat, besluit Lot om hier die keuse van sy lewe te maak. Hy gaan staan op die hoogtes van Bet-el en bespied die hele Jordaanstreek, wat vir hom soos die tuin van Eden lyk. En dit is dan presies ook die gebied wat hy vir homself kies en Abraham moet maar tevrede wees met wat oor bly.

“Dit is hierdie keuse van Lot wat ’n mens se gedagtes laat gaan na ’n belangrike tendens van ons twintigste eeu. Dit kom daarop neer dat die mens van ons tyd begin voel dat daar ’n nuwe weg ingeslaan moet word as ons, ons keuses moet maak tussen reg en verkeerd, tussen goed en sleg. In ons tyd, so word daar geoordeel, pas ’n nuwe moraal, nuwe norme, nuwe standaarde waarvolgens die moderne mens tussen goed en kwaad kan kies. En hierdie nuwe weg, hierdie nuwe wyse van kies word ‘the new morality’ genoem.

“Om hierdie nuwe moraliteit te beskrywe, wil ek u graag voorstel aan een van die grootste en beroemdste

voorstanders daarvan, die Franse filosoof Jean-Paul Sartre.

“Sartre verwerp die ou moraal, naamlik die Bybel met sy Tien Gebooie - die wet van God. Hy sê in die tien gebooie word vir die mens gesê: Jy mag nie ... jy mag nie. Die mens het nie daarna gevra nie en tog word dit elke dag van sy lewe verwag. Of hy nou daarby belang het en of hy daarin belangstel, dit word eenvoudig aan hom opgedring. Sartre sê dit maak van die mens 'n slaaf, want hy het geen sê nie.

“‘Nee dankie’ sê hierdie filosoof, ‘dit is nie vir my nie. Ander kan hierdie ou moraliteit goed vind, maar nie ek nie.’

“En Broers en Susters, baie ander stem met hom saam en sê dat die Tien Gebooie soos tien honde is. 'n Mens kan jou voet nie optel nie, of hulle byt jou aan die hakskeen.

“‘Nee’ sê Sartre, ‘ek is 'n voorstander van die nuwe moraal. Die mens moet 'n sê hê. In die nuwe moraliteit word dit nie van bo op hom afgedruk sonder dat hy 'n wil van sy eie het nie. Nee, hy is daarmee gemoed. Dit is nie gebooie wat abstrak en gebiedend oor die mens se lewe klink nie, maar dit het met die praktiese situasie te doen wat voor die mens afspeel. Bowendien’ sê Sartre, ‘is dit by die nuwe moraal nie 'n klomp mense wat vir my besluite neem nie, maar dit is my eie besluite wat tel. Die ou moraal’ sê hy, ‘is net vir lui mense bedoel, dié wat nie vir hulself wil dink nie, maar van bo af gesê moet word hoe hulle moet handel.’

‘Miskien voel jy by die aanhoor hiervan dat Sartre se etiek ook jou etiek is. Dat jy Sartre se nuwe moraal ook joune wil maak, omdat jy vry wil wees. Dit lyk so lokkend, boeiend en so bevrydend ...

“As 'n mens oppervlakkig na Lot en sy geskiedenis kyk, lyk dit of dit goed was dat Lot hierdie keuse gemaak het. Hy word die aller suksesvolste boer wat sy sake uitbrei tot by Sodom. Uiteindelik gaan hy self binne die veilige omheining van hierdie stad woon; en hy word selfs daar op die stadsraad verkies.

“En tog ... geleidelik het Lot ontdek dat daar in sy huis en in sy lewe 'n maerte gekom het. Sy vrou het van God en sy gebod vervreemd geraak. Sy dierbare dogters het verstregel geraak met die wilde jeug van Sodom.

“In die begin het hy seker daarvoor geraas en gepraat, maar dit is die moeilikheid met hierdie nuwe moraliteit. Jy kan dit nie as ouer volg en aanhang en jou

eie vrye keuses maak en dan van jou kinders verwag dat hulle die ou moraal, die Bybel s'n, sal aanhang en jou nie sal navolg in hul keuses nie.

“En as die krisis in Sodom sy hoogtepunt bereik en dit naderhand gaan oor die keuse tussen lewe en dood en Lot sy dogters en skoonseuns roep om hom uit Sodom te volg, dan sê sy skoonseuns: Pa, jy maak nou regtig grappe. Jy kan tog nie ernstig wees nie. (Gen 19:14) Dit is wat ons in die verwarring van ons jongmense in die twintigste eeu sien.

“Broers en Susters, die einde van hierdie geskiedenis is goed bekend. Hoe daar vier mense uit Sodom vlug. En skielik word hulle net drie, as Lot se vrou verstar. Ten slotte eindig Lot se verhaal in sy kluisenaarsbestaan in 'n grot in die berge van Soar, waar hy deur drank en bloedskande verlei word.

“Sodom en Gomorra het 'n smeltoond geword. Al wat vandag daarvan oor is, is die Dooie See wat deur die Arabiere die 'See van Lot' genoem word.

“Op hierdie verhaal sou Sartre dalk geantwoord het: 'So is die lewe' - omdat daar volgens hom geen God is nie. Hierteenoor is Lot se verhaal in werklikheid die uiteinde van die nuwe moraliteit.

“As daar volgens Sartre geen God is nie, is daar ook geen moraal nie, want as daar nie 'n God is nie is daar ook niks of niemand waaraan jou moraal gekoppel is of waarop dit gebaseer kan word nie.

“‘Nee’ sê Sartre, ‘Ek en jy is aan onself en daarom aan die absurditeit uitgelewer.’

“In werklikheid lei 'n lewe wat op eie keuses gebaseer is altyd tot een uiteinde - die walging.

“Dit is die ontsettende ironie en die geweldige tragedie van die nuwe moraliteit, dat dit die mens van ons tyd vry wil maak, maar dat hierdie vryheid uiteindelik tot sy ondergang lei. Dit beteken dat Lot en sy Sodom, wat vir hom aan die begin soos die paradys gelyk het, by die Dooie See eindig. Netso kom die verlore seun in sy winkende vêr land, uiteindelik tussen die varke tot besinning.

“Ons is vandag in staat om na die maan te reis, maar daarby lyk dit of werklike kommunikasie tussen mense en werklike geluk by mense ook na die maan is.

“Dit blyk dus dat hierdie nuwe moraliteit, wat beloop het om 'n paradys etiek te wees, per slot van rekening 'n etiek van walging is.

“Broers en Susters, waar vind ons dan 'n etiek wat vir ons na ware blydschap en sinvolheid in die lewe kan lei?

“Sal ons dan maar weer na die ou moraliteit van die Bybel moet teruggaan?

“Die antwoord is dat ek en u na God moet teruggaan, na Hom wat ons gemaak het en wat weet wat vir ons goed is. Ja, dit is die ou pad en tog moet ons dadelik byvoeg dat God se goedertierenheid op hierdie pad elke more nuut is en daarom is sy ou pad altyd weer ’n nuwe weg en sy moraliteit is die enigste ware nuwe moraliteit.

“Ek wil dit beklemtoon. Dit is alleen in Hom dat die lewe sin en betekenis het, want sonder God is daar geen lewe en hoop nie. Sonder God is daar geen opbouende moraal nie. Sonder God word die lewe ’n demoniese kultus. Die mens wat God en Jesus Christus verwerp, sny homself af van die bron van alle ware lewe.

“God se moraliteit vlieg nie soos duiwe, onbetrokke oor ons koppe heen nie. Nee! Jesus Christus het op Kersdag na ons gekom om vir ons te wys dat God met ons en in ons situasie betrokke is.

“Ons het Jesus Christus vermoor toe ons Hom aan die kruis vasgespyker het, maar Hy het weer met sy opstanding, met sy vredesboodskap, na ons in hierdie wêreld teruggekom en só weereens aan ons bevestig dat daar ’n God is. En omdat daar ’n God is, is daar ook ’n moraal wat aan die lewe sin en betekenis gee.

“Maar daar is ’n tweede saak wat ons net so seker weet. In en deur die koms van Jesus weet ons dat God vir ons is. En as God sy wet oor ons lewe stuur, dan is dit nie om ons vryheid in te perk nie, maar om ons vry en gelukkig te maak. Wie God se gebooie gehoorsaam, word dus geen slaaf soos Sartre dink nie, maar raak juis bevry. Wie in Getsémané [soos Jesus Christus voor sy kruisiging] God se wil aanvaar, beleef in Hom die ware vryheid en blydschap.

“Nou weet ons dat die Tien Gebooie geen honde is nie, of as hulle honde is, dan is hulle soos skaaphonde wat vir die beswil van die kudde daar is.

“God wil vir ons deur sy insettinge die goeie bring. Dit sien ons in die lewe van Abraham. Hy het Lot maar met sy nuwe moraal laat begaan en hom toegelaat om vir homself die beste te kies. Hierteenoor het Abraham na God se wet geluister wat sê: ‘Jy mag nie begeer nie’. En aan die einde, as Lot alles verloor, ontvang Abraham die hele landstreek as geskenk van God. (Gen 13:14-16)

“Nog meer en hoe heerlik is dit om dit vanmore aan u te verkondig. Seuns en Dogters, Broers en Susters, dit is nie waar dat God se etiek uit die ou waarheid is en

geen nuwe moraliteit is nie. Die ware nuwe moraliteit kom nie van Sartre af nie, maar van God, want God wil ons juis die ware vryheid gee en dit is net Hy wat ons dit kan gee.

“Ons sien God se liefde juis daarin dat Hy vir ons die Tien Gebooie gegee het, wat in die Nuwe Testament net een gebod geword het, naamlik die Gebod van die Liefde.

“Hy gee ons die Tien Gebooie en Jesus Christus; en in die lig daarvan mag ons, ons eie pad loop. God sê nog altyd dat u en ek in ons bepaalde situasie self moet besluit en kies - in die lig van God se wet.

“Maar die verskil is dit, dat God ons in ons situasie nooit alleen laat nie. Nee, op Golgota [waar Jesus Christus gekruisig is om in ons plek vir ons sondes te betaal] het Hy Hom onlosmaaklik aan ons verbind. En nou tree ons werklik nooit meer alleen op nie, want: ‘... kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld.’ (Mat 28:20) Daarom kan u en ek, of ons nou jonk is of volwasse, die heerlike avontuur van die lewe ingaan. Dit is opwindend om ’n Christen te wees!

“Gaan beoefen jou vryheid, maar nooit los van God nie, want ware vryheid vind u alleen by Hom wat gesê het: ‘As die Seun julle dan vrygemaak het, sal julle waarlik vry wees.’ (Joh 8:36)

“Boonop gee God ons die Heilige Gees wat met Pinkster op ons neergedaal het, die Heilige Gees wat ons in alle waarheid en vryheid wil lei.

“Hy sal jou nie na Sodom, die Dooie See en walging lei nie, maar na ware blydschap, na die nuwe tuin van Eden op die nuwe aarde. (Openb 21:1)

“Daarom wil Hy jou lei aan die hand van sy nuwe ou, sy ou nuwe moraliteit, wat bind maar terselfdertyd ook vry maak.

“Amen.”

Kommentaar:

Die Tien Gebooie kan vergelyk word met verkeersreëls. Stel u voor iemand sou dink dat vryheid beteken dat daar geen reëls mag wees wat hom bind nie - ook nie verkeersreëls nie. Hy wil ry aan watter kant van die pad hy wil. Geen verkeerslig moet aan hom voorskryf wanneer hy ’n pad mag kruis nie. En om 300 km per uur in ’n 60 km per uur sone te ry, behoort sy vrye keuse te wees.

Dié persoon sal nie sy bestemming bereik nie.

Verkeersreëls is daar om jou te beskerm en te verseker dat jy jou bestemming bereik. Dit is nie daar om jou lewe in te perk nie.

Dit is presies wat die Tien Gebooie doen.

Dit is duidelik dat iemand wat moord pleeg, egbreek, steel, valse getuienis lewer en sy naaste se goed begeer, God se beskermende hand oor sy lewe verwerp en sy eie welstand in gevaar stel.

Diegene wat die eerste gebod verwerp - "Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand" - distansieer hom van die bron van lewe en liefde. Hy en die samelewing wat dit sou nadoen, word 'n hondsdol dier wat sy eie stert byt.

Die Tien Gebooie is daar om ons te beskerm.

Matthéüs 22 verse 37 tot 40 som die Tien Gebooie op as die Gebod van die Liefde:

"Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en groot gebod. En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Aan hierdie twee gebooie hang die hele wet en die profete."